BLINK, silwer, sjiek, antiek – Rolls Royce. Foto's: Riaan van der Walt



COBRAS. Vanjaar se tema op die Maluti Antique Autoklub was 'n huldeblyk aan Carroll Shelby. Shelby was die ontwerper van die Cobra, die Ford GT40 en die Mustang GT350.

Spogmotors op skou uitgestal

Maryke Swart

BETHLEHEM. – Eienaars en handelaars van antieke motors uit die 1900's het die naweek na die dorp vir die Maluti Antique Autoklub se sesde Cars at the Airport-motorskou opgeruk.

Tertius du Preez van dié klub sê motorklubs van oor die land heen is genooi om hul antieke motors te kom uitstal.

Met 369 klassieke motors en 80 nuwe motors van handelaars was dit die grootste skou tot dusver, sê Du Preez.

Die motors het gewissel van 1908- tot 1993-modelle. "Hulle moes ouer as 20 jaar wees," het Du Preez gesê. Met die tema *A tribute to Carroll Shelby* was die klem veral op die Cobra, die Ford GT40 en die Mustang GT350, wat deur wyle Shelby ontwerp is. Shelby is verlede jaar in die ouderdom van 89 oorlede.

Ten tyde van die motorskou is 'n "oomblik van geraas" ter nagedagtenis aan Shelby gehou.

Cobras, 'n Daytona-koepee, Ford GT40's en Mustangs het op die aanloopbaan saamgetrek. Elke keer wanneer die vlag geval het, moes hulle 'n geraas maak.

Daarna het hulle in 'n stoet op die aanloopbaan gery.

Evan Theunissen, een van die stigterslede van Durban se GT40-klub, sê die Ford GT40-motors is klassiek omdat dit destyds teen Ferrari's in wedrenne in Frankryk meegeding het. "Ek hou nie van gewone antieke motors nie. Ek hou van dié motors se era," het Theunissen, wat self twee replikas van GT40's het, gesê.

Hendrik Delport van Vryheid se Ou Wiele-klub sê dit was sy eerste keer op die skou en hy het dit geniet. Hy het sy Renault EMF Thirty kom wys.